## AFDELING D: LETTERKUNDE

***LUGSPIEËLINGS* – Myicelie Pienaar**

## VRAAG 6

## VERHAAL A: "AG NEE DANKIE MAN, OUPA!" – H. du Plessis

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | • Hulle het saam (op die plaas en later in die stad) rondgery.<br>• Hulle het saam gaan visvang.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.2 | Hy het by 'n jong vrou gekuier.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.3 | • Oupa was dokter toe.<br>• Oupa het na beleggings gaan kyk.<br>• Oupa was prokureur toe.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 6.4 | Ja.<br><br>• Hulle wou Kallie beskerm/hartseer spaar.<br>• Hulle wou Ouma beskerm.<br>• Hulle het gehoop Oupa sou tot sy sinne kom.<br>• Hulle het gedink Kallie sou nie verstaan nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>OF<br><br>Nee.<br><br>• Almal moet weet wat aangaan in 'n familie.<br>• Kinders is nie dom nie./Kallie het agtergekom dat daar fout was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.5 | • Oupa was getroud./Getroude mans moenie verhoudings hê nie.<br>• Daar was 'n groot ouderdomsverskil tussen Oupa en die meisie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.6 | • Kallie se oupa het nie meer Saterdae saam met Kallie deurgebring nie.<br>• Kallie se pa het Kallie fliek toe gestuur.<br>• Kallie het sy oupa saam met 'n jong vrou gesien.<br>• Al die maats het by Black Cat se deur uitgestorm. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.7 | Sy ouma het nog tennis gespeel/nog gim toe gegaan.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.8 | • C<br>• … gehuil het omdat hy hartseer was.<br>• C … gehuil het omdat hy hartseer was.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.9.1 | • D<br>• ... het Kallie en sy oupa baie lekker tye gehad.<br>• D ... het Kallie en sy oupa baie lekker tye gehad.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.9.2 | • E<br>• ... het Kallie altyd appeltert gekry om te eet.<br>• E ... het Kallie altyd appeltert gekry om te eet.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.9.3 | • B<br>• ... het Kallie en sy maats saamgekuier.<br>• B het Kallie en sy maats saamgekuier.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.9.4 | • A<br>• ... het die familie Oupa se probleem bespreek.<br>• A het die familie Oupa se probleem bespreek.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.10 | kwaad | 1 |
| 6.11 | • D<br>• Kallie nie meer dinge saam met sy oupa wou doen nie.<br>• D ... Kallie nie meer dinge saam met sy oupa wou doen nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.12 | • Ek sou hom gekonfronteer het/met hom baklei het.<br>• Ek sou met my ouers/ouma daaroor gaan praat het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.13 | Ek sou die verhaal laat eindig waar ...<br>• Oupa die jongmeisie los.<br>• Oupa weer vir Ouma terugvat.<br>• die hele familie vir Oupa vergewe.<br>• Oupa en Kallie weer Saterdae saamkuier.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "LUGSPIEËLING" – Jackie Wolvaardt**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.14 | • stad toe.<br>• rave toe/oudisie toe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.15 | Nee,<br>• Hy het nie respek teenoor ouer mense nie.<br>• Hy was ongeduldig teenoor ouer mense.<br>• Hy het onverskillig bestuur.<br>*(Enige EEN of soortgelyk)* | 1 |
| 6.16 | onseker | 1 |
| 6.17 | • Dat hy 'n sang-en dansoudisie vir Rosina sou reël.<br>• Dat hulle by sy tante sou oornag.<br>• Dat die motor waarmee hy gery het, sy oom s'n was.<br>*(Enige TWEE)* | 2 |
| 6.18 | • D<br>• gevoel het dat haar lewe nie interessant genoeg was nie.<br>• D … gevoel het dat haar lewe nie interessant genoeg was nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.19.1 | • B<br>• … het Rosina as 'n maklike prooi gesien.<br>• B … het Rosina as 'n maklike prooi gesien.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.19.2 | • A<br>• … kon sien dat Rosina nie inpas by die mense by die rave nie.<br>• A … kon sien Rosina nie inpas by die mense by die rave nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.19.3 | • E<br>• … was 'n opregte vriend.<br>• E … was 'n opregte vriend.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.19.4 | • C<br>• ... was 'n streng, maar goeie mens.<br>• C ... was 'n streng, maar goeie mens.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.20 | • Buster het Rosina aan sy vriende voorgestel as sy niggie van die plaas af.<br>• Rosina het koeldrank gedrink wat anders gesmaak het.<br>• Rosina wou vir ewig aanhou dans.<br>• Rosina was moeg en het langs die kar inmekaar gesak. | 1<br>1<br>1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.21 | • Sy moes verleidelike klere aantrek/die skouerbandjies van die rok laat sak.<br>• Die kameraman het vir haar gesê dat sy die manne mal gaan maak.<br>• Die vleispaleis het haar getroetel/haar keel gesoen.<br>• Die polisie het gesê dat Buster-hulle 'n pornofabriek bedryf.<br>• Die polisie het gesê dat Buster-hulle minderjarige kinders verlei/ pimps is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.22 | • (Hy was) 'n pimp.<br>• (Hy het) mense gewerf om hulle lywe te verkoop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.23 | Ja.<br><br>• (Hulle is gevang) voor hulle skade aan Rosina kon doen.<br>• (Hulle is gevang) voor hulle Rosina seksueel kon mishandel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk)* | 1 |
| 6.24 | • B<br>• ironie.<br>• B ironie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.25 | Ja.<br><br>• Dis die tipe taal wat die mense praat met wie die polisievrou elke dag te doen kry.<br>• Die verteller wou daardie woorde/aspek van die lewe beklemtoon.<br>• Dit laat die verhaal meer realisties klink.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.26 | Rosina was verkeerd.<br><br>• As Rosina haar planne met haar ouers bespreek het, sou sy nie in die moeilikheid beland het nie.<br>• Rosina het 'n baie impulsiewe besluite geneem (wat haar in groot moeilikheid laat beland het).<br>• Rosina het haar ouers baie bekommerd gemaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[40]** |

